1. OPDRAG

NAVORSING (vgl Agenda A.13 bl 253 pt 6; Notule Dag 5 pt 23)

1 Die Algemene Sinode
1.1 bevestig dat navorsing onontbeerlik vir die werksaamhede van die Sinode is;
1.2 versoek die Sinode om ’n Taakspan: Navorsing aan te wys;
1.3 versoek die Moderamen om ’n begroting vir die funksionering van die Taakspan beskikbaar te stel;
1.4 versoek die Moderamen om jaarliks vir navorsingsprojekte wat in lyn is met die gestelde prioriteite te begroot;
1.5 bevestig die belang van die 2014-opname vir die kerk en versoek gemeentes en sinodes om dit te ondersteun.

2. SAMESTELLING

Die samestelling van die Taakspan sluit verteenwoordigers van die NG Kerkfamilie sowel as die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) in:

Prof Kobus Schoeman (Voorsitter)
Me Rinel Hugo (Skriba)
Prof Naas Swart
Prof Klippies Kritzinger
Prof Cas Wepener
Dr Lourens Bosman
Dr André du Toit
Prof Ian Nell
Dr Chris van Wyk
Ds Danie Mouton
Dr Frederick Marais
Ds Japie Coetzee
Dr Zander van der Westhuizen
Dr Theo Swart
Ds Johan Avenant
Dr Nico Simpson
Me Ester Steyn

3. DIE BELYNING VAN KERKLIKE NAVORSING

3.1 Die Taakspan is saamgestel om die Kerk by te staan met navorsing waar nodig. Lede van die Taakspan werk sedert 1981 aan die Kerkspieëlopnames wat vierjaarliks in gemeentes gedoen word.

3.2 Navorsing is noodsaaklik wanneer beleid geformuleer word of strategiese besluite geneem moet word. Die uitkoms van die Taakspan se navorsing is egter ook om ’n verband tussen die Akademie en Kerk te vestig. Teoretiese beleidsnavorsing is nodig, maar ook praktykgerigte navorsing waarvan die *resultate* in ’n ontvanklike medium verwerk word om prosesse in gemeentes te begelei en die Kerk so tot diens te wees.

3.3 Tydens Algemene Sinodesittings word gereeld opdragte gegee wat onder meer navorsing behels. Die kundiges op die Taakspan is op die hoogte van die meeste kerklike navorsing wat nasionaal en internasionaal gedoen word of bestaan, en in die lig hiervan behoort alle navorsing van die NG Kerk by die Taakspan gekoördineer te word. Daar kan dan van bestaande navorsing gebruik word en bepaal word hoe die Kerk deur die akademiese vennote ondersteun kan word in die uitvoering van die opdrag.

Die Taakspan behoort dus as die node (*hub*) te funksioneer waar die navorsingsbehoeftes van die Algemene Sinode belyn en koördineer word.

3.4 *Navorsingsdatabasis*: daar is reeds bestaande navorsing oor sekere onderwerpe gedoen wat vir almal toeganklik is. Die Taakspan het ’n databasis van al die skripsies wat vanaf 2009 by die drie Teologiese Fakulteite gedoen is, saamgestel en op die webwerf beskikbaar gestel. Die Taakspan het ook toegang tot M- en PhDgraadstudente by die Teologiese Fakulteite wat aangemoedig kan word om navorsing oor onderwerpe te doen wat die Kerk in die besonder kan dien**.**

3.5 *Navorsingsprotokol*: die aangehegde *Navorsingsprotokol* dien as raamwerk vir die Taakspan (vgl **Navorsing Bylaag 1**).

4. KERKSPIEËL

4.1 DIE NAAM AS HANDELSMERK

Die naam "*KERKSPIEËL*" is as 'n oorkoepelende handelsmerk vir die Algemene Sinode se navorsingsprojekte geregistreer. Die doel van die handelsmerk is om 'n oorkoepelende, geregistreerde naam daar te stel vir al die navorsingsaktiwiteite van die Algemene Sinode. Daar is ook 'n webblad geregistreer met dieselfde naam:
(http://www.gemeentes.co.za/webbladsye/kerkspieel.html).

4.2 GEMEENTE-OPNAME

4.2.1 Die gemeente-opname (gemeentevraelys) word sedert 1981 gedoen. Waardevolle longitudinale data is in dié verband oor jare versamel. Die rigting en groei van gemeentes en lidmate binne die NG kerk bly 'n belangrike en aktuele saak.
4.2.2 Opname 2014: van die **1138** vraelyste wat in 2014 uitgestuur is, is **713** terug ontvang (**62,3 %**).
4.2.3 Die Nederduitsch Hervormde Kerk het ook aan die opname deelgeneem en 99 gemeentes het die vraelys voltooi.

4.3 EREDIENSBYWONEROPNAME

4.3.1 Die erediensbywoneropname is in 2006 en 2010 in samewerking met die "National Church Life Survey" (NCLS) en die PC(USA) gedoen. Die opname is in die negentigerjare in Australië ontwikkel as 'n instrument om aan gemeentes terugvoering te gee oor hoe lidmate die gemeente en haar werksaamhede beleef (besoek gerus www.ncls.au.org vir meer inligting).

4.3.2 Dr Ruth Powell, direkteur van die NCLS, het Suid-Afrika in Mei 2014 besoek waar sy verskeie werkswinkels aangebied het. Daar is ook beplan aan die ontwikkeling van die 2014-vraelys en besin oor die funksionering en rol van gemeentes en hoe die opnames gemeentes kon help.

4.3.3 Die 2014-opname is weer saam met die NCLS gedoen. 'n Ewekansige steekproef is getrek en 74 gemeentes het as deel van die steekproef deelgeneem en 20 gemeentes het betaal om vrywillig hieraan deel te neem.

4.3.4 Die winspunt om met NCLS (Australië) saam te werk is dat elke gemeente in Julie 2015 'n individuele gemeenteverslag, "Church Life Profile", en 'n werkboek terugontvang het. Dit behoort gemeentes te help om die nege "top kernkwaliteite van kerkwees" (soos bepaal deur die NCLS-opname) as deel van 'n fasiliteringsproses te benut. Die werksboek begelei gemeentes om hulle resultate te gebruik om te besin, te reflekteer en vir die toekoms te beplan. Dit is 'n handige instrument wat werklik waarde tot 'n gemeente kan toevoeg.

4.4 BETROKKENHEID VAN ANDER KERKE

4.4.1 Die erediensopname is in die NG Kerk (94 gemeentes), VGKSA (5 gemeentes), Uniting Presbyterian Church in SA (8 gemeentes), Sewendedaagse Adventiste (10 gemeentes) en die Nederduitsch Hervormde Kerk (25 gemeentes) ingevul.

4.4.2 In die NG Kerk alleen is 14 610 vraelyste deur lidmate ingevul. Die resultate strek almal tot voordeel en die oogmerk is om die samewerking verder uit te brei en te ontwikkel. 'n Tweede geleentheid is ook gedurende Augustus en September 2015 aan gemeentes gebied om weer aan die opname deel te neem.

5. PREDIKANTEPANEEL

5.1 Die Predikantepaneel is 'n opvolging van die predikante-opname. Die projek is geskoei op die *Presbyterian Panel* van die PC(USA) en het ten doel om meer gereeld die menings en houdings van predikante oor 'n wye verskeidenheid van temas, nie net kerklik nie, te wete te kom. 'n Predikantepaneel, wat ewekansig uit predikante uit die poel van dienende predikante getrek is, is saamgestel.

5.2 Die volgende opname is gedurende Junie 2015 onderneem: **Vraag-en-aanbod-ondersoek: Predikante en gemeentes.** ’n Aanlyn-opname is onder predikante wat binne die volgende 5–8 jaar aftree, gedoen. Die doel was om vas te stel wat predikante se strategie is wanneer hulle aftree.

6. NAVORSING OOR DIE KONTEKS VAN GEMEENTES

Die Oostelike Sinode het die metodiek gebruik om persoonlik met predikante gesprekke te voer en ’n idee te kry van wat regtig op grondvlak by predikante en gemeentes leef en gebeur. Resultate wat hieruit verkry is, is in ’n artikel vir *Kruisgewys* verwerk (vgl *Kruisgewys* se artikels by www.gemeentes.co.za).

BESLUITE: (A.7.6 bl 146 pt 7, Notule Dag 3 pt 8)

7.1 Die Algemene Sinode bevestig dat navorsing ’n kontinue werksaamheid van die Algemene Sinode is.

7.2 Die Algemene Sinode versoek die huidige Taakspan: Navorsing om die opdragte aan Taakspanne wat navorsing behels, te belyn en te koördineer sodat integrering kan plaasvind.

7.3 Die Algemene Sinode bevestig die belang van die opnames vir die Kerk en versoek gemeentes en sinodes om dit te ondersteun.

7.4 Die Algemene Sinode keur die Kerkspieëlopname van 2017/2018 goed.

7.5 Die Algemene Sinode versoek die ASFB om in die begroting voorsiening te maak vir die funksionering van die Taakspan in die uitvoering van hulle opdrag.

7.6 Die Algemene Sinode versoek die ASFB om jaarliks voorsiening te maak vir navorsingsprojekte wat deur die Sinode goedgekeur is.